

20 Julie

Hosea 1:2-9;2:13-22

(Teks: 2:13 en 14)

God het ons lief, daarom beloof Hy 'n nuwe begin

God gaan tot die uiterste om sy liefde aan ons te bewys. Hier maak Hy Hosea se huwelik 'n spieëlbeeld van sy ondeurgrondelike liefde vir almal wat aan Hom behoort. Die huwelik van Hosea moes uitbeeld hoe diep seergemaak God voel oor elkeen wat van Hom af wegdwaal.

Die Here pas skokterapie op die volk toe om hulle volle lojaliteit en liefde vir Hom weer terug te kry. Dit gebeur ook in ons lewe. Al die rampe en teëspoed wat ons in hierdie lewe ervaar is God se skokterapie. Hy wil ons by die punt bring dat ons weer sal besin oor ons lewens. Rampe wat ons tref is nooit straf of verwerping nie; dit is God se uitreik in liefde.

Daarom volg Hosea die skokkende berig op soos in ons teksvers beskryf.

Die woestyntyd was die geboorte van die volk se nuwe begin. Die Akorlaagte is waar die aardse graf oopgegaan het en Akan en sy familie ingesluk het vanweë hulle wandade (Josua 7:24-26).

Die Here maak van 'n graf 'n deur na 'n nuwe begin. Ons is nie bang vir die graf nie, want die graf is 'n deurgang na die ewige lewe. Die graf van Jesus Christus is bewys van God se liefde vir ons en daarom 'n deur na 'n nuwe begin.

Die Here wil ons nie loslaat nie, al het ons Hom losgelaat. Hy bring ons terug, al moet Hy skokterapie toepas. Hy bring ons terug na die begin waar ons net bewus kan wees van sy liefde en dan kan ons weer besin hoe ons ons liefde aan Hom gaan bewys.

Sing Psalm 130:1 en 4Ds. M.E. Schalekamp (Potchefstroom-Moorivier)